



**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**  
**Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en Begrotingsprosesplan**  
**2017/18 – 2021/22**

KENNISGEWING geskied hiermee dat die Raad van Bergrivier Munisipaliteit tydens 'n vergadering gehou op 18 Julie 2016 die konsep Prosesplan vir die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en Begrotings vir die 2017/18 - 2021/22 Finansiële Jare in beginsel aanvaar het.

Die konsepplan bevat besonderhede van die proses wat die Raad van voorneme is om te volg met die opstel van sy meerjarige begroting en die GOP-proses vir 2017-2022. Die publiek word genooi om kommentaar en/of insette te lewer in terme van die konsep Prosesplan. Die sluitingsdatum vir kommentaar en/of insette is 12 Augustus 2016.

Die dokumente is beskikbaar gedurende kantoorure by die munisipale kantore op Piketberg, Porterville, Velddrif, Eendekuil, Aurora en Redelinghuys, asook die webtuiste by [www.bergmun.org.za](http://www.bergmun.org.za)

Persone wat nie kan lees of skryf nie, kan Mevr. Alletta van Sittert skakel Tel 022 913 6000 gedurende kantoorure vir bystand.

Navrae kan gerig word aan mnr JA van Niekerk by Tel. 022 913 6000 [vanniekerkk@bergmun.org.za](mailto:vanniekerkk@bergmun.org.za) of Mevr. Alletta van Sittert by Tel no 022 913 6000 of [sb@bergmun.org.za](mailto:sb@bergmun.org.za).

Munisipale Kantore  
Kerkstraat 13  
PIKETBERG  
7320

**ADV. H. LINDE**  
**MUNISIPALE BESTUURDER**